**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersienings Nr. : 1500/2005

In die hersiening tussen:

**DIE STAAT**

en

**BEN MURAPING**

---

**CORAM:** HANCKE, R *et* MATSEPE, Wnd R

---

**UITSPRAAK:** MATSEPE, R

---

**GELEWER OP:** 1 DESEMBER 2005

---

Die beskuldigde is skuldig bevind op 'n aanklag van diefstal van teëls ter waarde van R9 000,00, en as volg gevonnis:-

Beboet, Eenduisend Rand (R1 000,00) of ses (6) maande gevangenisstraf, plus 'n verdere ses (6) maande gevangenisstraf opgeskort vir vier (4) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan diefstal van artikel 36 of 27 van Wet 62 van 1955 waarvan 'n opgeskorte vonnis opgelê is gepleeg gedurende die opskortingstermyn nie. Ondersoek ingevolge artikel 103 van Wet 60 van 2000 soos per aanhangsel "B".

Die beskuldigde het by aanvang van die verhoor skuldig gepleit.

Die artikel 112(1)(b) Wet 51 van 1977 ondervraging is toe deur die

landdros gedoen en ly as volg:-

V. Pleit u vrywillig skuldig?

A. Ja
V. Was u op 03-11-1977 te Zone 8 hier te Ficksburg?
A. Ja
V. Was u in besit van items?
A. Ja
V. Wat was dit gewees?
A. Dit was vloerteëls
V. Waar het u dit gekry?
A. By nommer 62 Caledonstraat geneem
V. Die waarde daarvan is R9 000,00 (nege duisend), sal u dit betwis?
A. Nee
V. Het u enige reg of toestemming gehad om dit te neem?
A. Nee
V. Het u geweet u pleeg 'n misdryf?
A. Ja
V. Het u besef u optrede was onwettig?
A. Ja.

Dit blyk nie dat die beskuldigde op die tydstip van skuldigbevinding erken dat hy die teëls "geneem" het met die opset om dit aan homself toe te eien nie.

Op daardie stadium is die eienaar van die teëls nog nie geïdentifiseer en kan die redelike moontlikheid nie uitgeskakel word dat dit *res derelictae* kan wees.

Die skuldigbevinding kan gevolglik nie bekragtig word nie en gelas die hof as volg:

1. Die skuldigbevinding word tersyde gestel.

2. Die saak word terugverwys na die hof *a quo* sodat die landdros die ondervraging behoorlik kan laat geskied.

**V. MATSEPE, Wnd R**

I concur.

**S.P.B. HANCKE, R**

/em